# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120


Omsendbrief 36 van 2022

10 November 2022

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 14 - 18 November 2022**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 6 |
| Dinsdag | - | Dag 1 |
| Woensdag | - | Dag 2 |
| Donderdag | - | Dag 3 |
| Vrydag | - | Massasport |



2. **MASSASPORT**
Die massa-sportbyeenkoms vind op DV Vrydag, 18 November vanaf 08:00 – 13:00 plaas vir Gr.R - 6. **Gr. 7 leerlinge is nie betrokke by hierdie dag nie en mag by die huis bly.** Leerlinge kom met sportdrag (geel, blou en rooi) skool toe en moet tasse saambring ingeval dit reën. Die skool begin normale tyd (07:25) en sluit om 13:00. Daar word ook verversings te koop aangebied. Die indeling is volgens vanne en is as volg:

| Bosbokke (Blou) | Ribbokke (Geel) | Rooibokke (Rooi) |
|---|---|---|
| A - I | J - Q | R - Z |

3. **SKOOLGELD**
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal. Maak asseblief seker **dat u rekening reeds ten volle vereffen is teen 11 Desember 2022** om optrede deur die prokureurs van die skool te vermy.

4. Die eksamen vind vanaf 21 - 29 November 2022 plaas. Leerlinge wat afwesig is tydens die eksamen sal 0% ontvang vir 'n vraestel indien hy/sy nie 'n doktersbrief inhandig nie. **Ons vra dat daar geen afsprake of aktiwiteite tydens die eksamentydperk gereël word nie.** Die eksamenrooster is reeds op die groepe geplaas.

5. **LEIERS**
Baie geluk aan die hoofleiers vir 2023:

| | |
|---|---|
| Janco Linde | Hoofseun |
| Jano Claase | Onderhoofseun |
| Ruan Kruger | Onderhoofseun |
| Jani van Wyk | Hoofdogter |
| Tylo Bouwer-Kemp | Onderhoofdogter |
| Irene Verster | Onderhoofdogter |

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**